**_Oud-gemeentelede se herinneringe_**
**_Willie en Martie Potgieter_**




Ons was in die gemeente vanaf September 1975 tot 1980. Ons het gou deel geword van die gemeente, die eredienste was in die Margate Stadstaal gehou.
Die hele gemeente het aan al die funksies deelgeneem, ons het gereeld gedurende skoolvakansies pannekoek gebak op Margate strand om fondse te in. Katkisasie uitstappies is gereeld aangebied waar die hele gemeente betrek is.
Ons is weer in 1983 terug na Port Shepstone en weer was ons dadelik tuis in die gemeente.
Een gemeente-uitstappie wat ons altyd sal onthou was die staptog by Umtanvuma nature reserve by Port Edward. Die langste roete was vir die jong en fikse mense en die kort roete vir die nie- so-fikse ouens. Daar was 'n hele paar ouer mense wat wou saamstap. Ongelukkig was die aanwysings nie duidelik nie en daar verdwaal die mense op die kort roete - ons klouter onbewustelik al in die rondte tussen bosse en rotse. Een oom het die oggend vergeet om sy hartpille te drink en die uitputting was te erg vir hom! Van die sterk mense het toe teruggestap om hulp te kry (dit was voor selfone). Hulle haal toe maar ons kombi se agtersitplek uit om as draagbaar te gebruik en gaan haal die oom. Dit was maar 'n gesukkel om hom by die motor te kry. Die enigste hospitaal was toe in Port Shepstone, gelukkig het die ambulans ons halfpad gekry, hy was gelukkig net 'n paar dae in die hospitaal.
Vir die jeug het ons ook gereeld kampe gereël en die jeug van Amanzimtoti, Durban-Wes, Durban en Pinetown saamgenooi. Ons was o.a. Drakensberge toe en ook Cape Vidal (Noordkus). Pinetown het 'n paar keer staptogte strand langs gehou vanaf Scottburgh tot in Port Shepstone wat 'n week geneem het. Ons gemeente was ook saamgenooi, die kinders het dit baie geniet. Die gemeente was baie bedrywig en almal het deelgeneem.


*Gemeente-uitstappie - Port Edward*

Sterkte en seën vir die gemeente!




# Gereformeerde Kerk Suidkus 50 Jaar

## 02 Julie 1972 - 02 Julie 2022

12 Junie 2022

***Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.***

***Efesiërs 1: 6***

**_Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Suidkus_**
**_Fondsinsamelingsaksies - Rommelverkopings_**

Die rommelverkopings het ‘n nederige begin gehad toe **Tom en Wilna Potonas** die eerste rommelverkoping in Des 2012 op die straat by die poskantoor gehou het. Daar het soveel items oorgebly dat daar besluit is om meer gereeld rommelverkopings te hou, sommer met so 6 - 7 tafels op die gras voor die kerkgebou.Die eerste rommelverkoping daar was in April 2013. Die lidmate het so mildelik bygedra tot hierdie projek dat dit baie vinnig ‘n gereelde instelling geword het en ons later verskuif het na binne in die saal. Spoedig het die aksie so uitgebrei dat daar meer mense nodig was om te kom help en ons het ‘n paar gereelde klante gehad!

**Ina Louw en Ina Prinsloo** het ‘n eindelose aantal items voor die tyd uitgesoek en geprys en verskillende metodes van merk is beproef, want die pryse het die geneigdheid om weg te loop! Die uitstalplek het ‘n probleem geword en **Fanie du Plessis** het vir ons staanders gemaak om die klere aan op te hang. Naderhand het ons ons eie “bouncers” gehad in die vorm van **André Marais** en **Doug Hannaway** wat moes help om die stormloop in toom te hou as ons die deure oopmaak! ‘n Hele paar van ons is sommer uit die pad geloop as ons te stadig was!

Met verloop van tyd het die stoorplek vir al die items te min geword en in Mei 2015 het **Jan Aucamp en Gert van Tonder** die admin beampte se kantoor ‘n bietjie verklein en lekker rakke en pakplek daar ingesit. Op die oomblik is dit ook al te min en die gat loop ook al oor! Covid-19 het ook sy lelike kloue hier ingeslaan, maar ons hoop om spoedig weer aan die gang te kom!

Die rommelverkoping is lankal nie meer net vir klere nie en beddegoed nie, maar daar is letterlik iets van alles deesdae - van rolskaatse tot elektriese krullers en enigiets tussenin! Daar is later begin om spesifieke items uit te hou vir die wit olifanttafel by die basaar en hierdie aksie het ook gesneeubal!

‘n Baie spesiale dankie aan al die lidmate wat ons so ondersteun met die skenking van al die items en ook die gewillige hande wat alles regkry, prys en die verkoping self behartig!

